**LAERSKOOL** **KRUGERPARK**

DURF AAN EN VOLHARD

# ***Taalbeleid***

## 1. Inleiding

Hierdie dokument is die taalbeleid van Laerskool Krugerpark wat op **30 September 2018** deur die skoolbeheerliggaam goedgekeur is.

## 2. Woordomskrywing

In hierdie dokument, tensy anders bepaal of uit die samehang anders blyk, het woorde en uitdrukkings dieselfde betekenis as in die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) en beteken:

- "Beheerliggaam": die Beheerliggaam van die skool soos voorsien in artikel 16 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996);
- "Grondwet": die Groindwet van die Republief van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996);
- "Skoolhoof": Die Prinsipaal van die skool soos bedoel in die Suid-Afrikaanse Skolewet, asook 'n opvoeder by die skool wat met goedkeuring van die Skoolhoof en die Beheerliggaam namens die Skoolhoof handel;
- "Regulasies": die norme en standaarde vir Taalbeleid in openbare skole en die bepalings van "taal-in-onderwys" soos deur die Minister van Onderwys in die Staatskoerant afgekondig;
- "Skool": Laerskool Krugerpark
- "Taalbeleid": die Taalbeleid in hierdie dokument vervat.

## 3. Uitgangspunt en basis

Die uitgangspunt en basis van die Taalbeleid is dat volle effek gegee moet word aan al die Fundamentele regte ten aansien van taal van leerders in onderwysverband soos in die Algemeen erken in die Handves van Regte in hoofstuk 2 van die Grondwet en spesifiek vermeld in artikel 29(2) van die Grondwet.

## 4. Taalbeleid onderhewig aan ander wetlike bepalings: Uitleg van Taalbeleid.

4.1 Die Taalbeleid is onderhewig aan die bepalings van die Suid-Afrikaanse skolewet. (Wet 84 van 1996), die Wet op Skoolonderwys van die Provinsie en die Regulasies vir sover dit bindend op die skool is.

4.2 Die Taalbeleid word so uitgelê dat dit met ander toepaslike en geldige regsbepalings oor taalgebruik in onderwys versoenbaar is.

4.3 Sonder om die algemeenheid van artikel 2.1 te beperk, is die uitgangspunt van die Taalbeleid dat die beste belange in onderwysverband van die leerders van die skool gedoen moet word en dat daar nie op enige relevante grond onbillik of onregverdig teen enige leerders gediskrimineer mag word nie.

## 5. Taalgebruik by skool

5.1 Die skool is 'n enkelmediuminstelling soos bedoel in artikel 29(2) van die Grondwet.
5.2 Behoudens die bepalings van die Taalbeleid, is die onderrigtaal by die skool Afrikaans (soos na verwys in artikel 6(1) van die Grondwet).
5.3 Die taal waarin die skool bedryf of bestuur word, is Afrikaans.
5.4 Ter bevordering van die taalkennis is kort inoefening van die taal toelaatbaar. Krugerpark is egter 'n Afrikaans medium skool. Die voertaal (gebruikstaal) in die klaskamers en terrein is dus Afrikaans. (Uitgesonder 2de en 3de taal lesperiodes).

## 6. Bevordering van veeltaligheid

6.1 Die skool bevorder veeltaligheid deur die aanbieding van Engels as 2de Taal en Noord Sotho as 'n derde taal.
6.2 Die aanbieding van die vakke in artikel 6.1 na verwys, sover moontlik in die betrokke taal self.
6.3 In die algemeen neem die Beheerliggaam en elke opvoeder by die skool redelike stappe om leerders in te lig oor die belangrikheid van veeltaligheid en om die aanleer van respek vir ander tale as die huistaal te bevorder.
6.4 Die skoolhoof lewer jaarliks aan die Beheerliggaam verslag oor taalgebruik by die skool en tendense waarvan die Beheerliggaam kennis behoort te dra.

Elke opvoeder by die skool doen redelike stappe om leerders oor die belang van veeltaligheid in te lig en om respek vir ander tale buiten die huistaal en/of onderrigtaal te bevorder.

GETEKEN TE **MOKOPANE** OP HIERDIE **30ste** DAG VAN **SEPTEMBER 2018**

Beheerliggaamvoorsitter

Hoof: Laerskool Krugerpark